## PERSVERKLARING OOR SARS SE DETENSIE VAN SKEPE

**Tshwane, 20 September 2023** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van die persverslag van 17 September 2023 deur die Sunday Times rakende die detensie van vyf skepe wat by die bunker van brandstof leweringsketting betrokke is.

SARS is vanaf 2016 betrokke met die brandstofindustrie om nakoming van die wetgewing met betrekking tot die invoer, handeldryf en ander operasionele aktiwiteite van skepe, betrokke by die verskaf van brandstof, aan te moedig.

Gepaardgaande met sodanige betrokkenheid, voer SARS ook ondersoeke uit rondom nakoming in die bunker van brandstof, en die detensie van die skepe, soos genoem in sodanige persartikel, vorm deel van sodanige voortslepende ondersoek.

SARS bevestig dat verskeie skepe ingevolge die Wet op Doeane en Aksyns, 91 van 1964, teruggehou word. Dit is gedoen in die normale gang van bepaling of die bepalings van die wet oortree is. SARS is van mening dat die detensie wettig is, en aangesien die ondersoek voortslepend is, is geen besluit nog geneem om beslag op sodanige skepe te lê nie.

SARS-kommissaris mnr Edward Kieswetter het gesê: "SARS is verplig om die wet regverdig uit te voer, sonder aansien des persoons of partydigheid, en om ondersoeke op 'n verantwoordelike wyse, ingevolge regverdige prosedures uit te voer. SARS het geen behoefte om ekonomiese groei te benadeel nie, en nog minder om tot die probleem van werkloosheid, armmoede en ongelykheid by te dra."

Die kommissaris vra belastingpligtiges en handelaars om hul belasting- en doeaneverpligtinge na te kom. Hy het klemgelê daarop dat SARS nie sal skroom om ernstig op te tree om te verseker dat nienakoming duur en moeilik is vir diegene wat willens en wetens hul verpligtinge ignoreer. Die basuin aan alle belastingpligtiges en handelaars is: "wees nakomend of ly die nagevolge".

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.